Bidbeertjie opdrag aan die brei-tannies.

Openbaring 3 : 8 Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het ‘n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie.

Hierdie is nie ‘n gewone gebreide beertjie nie. Dié beertjie bring‘n boodskap. ’n Boodskap vir die tannies wat brei en ook vir die mens wat die beertjie kry.
Geen ouderdomsbeperking nie. Ontvangers moet net die konsep verstaan (Jesus loves me.en daar is iemand wat vir my bid) Die Hei;lige Gees berei reeds ontvangers voor.

Wanneer die mens die bidbeertjie ontvang , is dit **‘n absolute “moet”** dat elkeen **kan kies** watter beertjie hy /sy wil hê. Ontvangers kon min of dalk nog nooit “kies” wat hulle in die lewe wou hê nie.

God roep jou om ‘n bidbeertjie te brei. Terwyl jy brei, dra jy die ontvangertjie se lyfie aan die Here in gebed op. Ter ondersteuning is daar ‘n teks met ‘n gebed by elke deel.

Jy onderneem ook om gereeld vir die ontvangertjie te bid. Die beertjie is vir die kind ‘n versekering en ‘n bevestiging dat Jesus hom liefhet en dat daar iemand is wat vir hom/haar bid.

Wat sê die bidbeertjie vir die kortmens?
Die bidbeertjie is ‘n saamslaap, troetelmaatjie of selfs ‘n kussinkie onder jou kop(Kom donkernag se slaaptyd is alle kortmense, hardekwas tieners en versteende volwassenes se harte maar klein.)
Die laaste ietsie wat jy saans in jou bed moet doen voor jy aan die slaap raak is om die boodskap op die beertjie se bors te lees. Vir jouself te sê:JESUS LOVES ME en raak daarmee aan die slaap en onthou dat iemand vir jou bid.

Ondersteunende tekse en gebede om te oordink terwyl jy brei:

1. VOETE:

Habakuk 3:19 *Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos die van ‘n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.*

Jesus, die beertjie se voete laat my bid dat hierdie mens se voete in U voetspore sal trap, en dat hy of sy U sal volg deur sy hele lewe.

2. BENE:

Deuternomium 6 :14 *Jy mag nie agter ander gode aanloop nie.,.. want die Here jou God eis onverdeelde trou aan Hom.*

Here, bewaar asseblief hierdie mens se bene dat hulle nooit saam met moeilikheidmakers na slegte en gevaarlike plekke sal loop nie.

3. HEUPE:

Lukas 12:35 *Wees gereed, die heupe omgord en die lampe aan die brand.*
In Bybelse tyd het jy ‘n band om jou heupe gebind as jy regmaak vir ‘n geveg of moeilikheid.

Here, wees Uself asseblief die band om hierdie mens se heupe en maak hulle sterk.

BORS: (HEMP) Hart

Johannes 3:16 God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat die wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê **.**

O Heilige Gees , gee asseblief die verstaan en die verlange na verlossing.

Teddie se boodskap:

*"*Elke aand voordat jy met jou kop op die beeertjie se bors aan die slaap raak, lees die boodskap op sy hart *".*

Here, asseblief laat die mens die konsep verstaan en dit GLO .

KOP:

*S***preuke 2: 1-6** My seun / dogter, neem aan wat ek jou sê, maak wat ek jou voorskryf **jou** eie…..*Here, ek smeek U dat U hierdie mens se verstand sal aanraak. Gee asseblief die wil om U Woord te lees, dit te glo en te leef. Laat dit vir dié mens maklik wees om met U te praat .*

ARMS:

Psalm 89:14 U het 'n magtige arm, sterk is U hand, kragtig is U regterhand.

Soos ek die armpies brei, onthou ek hoe sterk God se arms is en ek vra:

"Here,maak asseblief U arms oop en vou hierdie mens in U liefde toe. "

HANDE:

Die teddie se handjies wil jou seën met Samuel se seënbede vir Saul in:

1 Samuel 10 :6

Ek bid dat die Gees van die Here kragtig in jou sal werk. Dat jy 'n profeet van God sal wees en dat jy sal doen wat jou hand vind om t*e doen.*

Brei buddies vir Teddie-tannies:

Hester Strydom	057 3881432
Marie Botha	083 2268519
Joey Venter	078 5959903
Marena Lagendyk	079 8976654
An Roets	082 9257232

Brei-Benodigdhede vir die Bidbeertjie:

3 balle dubbeldraad wol (eie keuse)
1 bal in lyfiekleur vir handjies, voetjies en kop. (eie keuse)
1 bal vir broek en 1 bal vir hemp in verskillende kleure. (eie keuse.)
4 kousnaalde - 3.25 tot 3.75 (hang af van die spanning wat jy brei.)
1 sak stopsel
Met bogenoemde kan jy drie bere brei.

NB

Tel net riffies, nie rye.
Geen harde ogies of neusies mag opgewerk word nie.
Maak seker dat dit 'n vriendelike beertjie is en nie 'n kwaai beer nie.

BIDBEERTJIE-BREIPATROON

1. VOETE: Sit 16 steke op. Brei regs in die basis kleur (kop, handjies en voete) (6 riffies)

2. BENE: Verander na die broekie se kleur aan die regterkant van breiwerk. Brei 17 riffies regs. Brei nog ‘n identiese voet en been.

3. HEUPE: Brei albei bene op een naald (32 steke) vir 8 riffies regs

4. BORS: (HEMP) Verander die kleur aan regterkant van breiwerk in hemp se kleur. Brei 17 riffies regs.

5. KOP: Brei met lyfiekleur eerste ry regs en volgende ry aweregs om koussteek te vorm. Brei 20cm strook vir kop.

6. AGTERKANT VAN BEERTJIE: Verander weer die kleur aan regterkant en brei 17 riffies vir ‘n hemp, dan weer 8 riffies vir heupgedeelte van broek.
Verdeel die 32 steke op twee naalde (16 per naald) . Brei 17 riffies vir die been, skakel oor na lyfiekleur en brei 6 riffies vir voet. Heg af. Brei tweede been identies.

7. ARMS: Vou die gebreide beer dubbeld en werk die kopnate weerskante toe tot op die skouernaat.
Tel 7 riffies van onderkant van hemp af. Begin van arm.
Brei 10 steke langs die kant van die voorpant op.
Brei 2 steke op die skouernaat en
nog 10 steke aan die agterpant van die hemp met dieselfde kleur.
Brei nou 10 riffies om die arm te vorm en skakel oor na lyfiekleur vir die hand.

8. HAND: Brei regs vir 6 riffies in die lyfiekleur en heg dan af.

AFWERKING

1. **Kop i**s reeds albei kante aanmekaar gewerk om arms te kan brei.
2. Werk die res van die beer se voor- en agterpante aanmekaar.
3. Los ‘n opening in een beennaat om deur te kan stop.
4. **Ore:** Werk ore met rygsteek ‘n 3 cm driehoek (fig)
Trek styf en werk stewig weg.



5. Stop die beertjie, nie te styf nie, net sodat die beer sy fatsoen kan hou. Werk toe en heg los drade goed vas.
6. **Nek:** Ryg met ‘n dubbelde woldraad rondom die gestopte nek, waar hemp en kop bymekaar kom, trek so styf as moontlik en werk goed vas.
7. **Snoet**:Gebruik ovaal sjablone en speld mooi in die middel van gesiggie, 1 cm van die nek af op gesig vas.
7.1 Rygsteek rondom sjablone en trek die enkel woldraad in tot snoet die verlangde grootte is, werk stewig af..
7.2 Werk met breinaald van die stopsel in die snoetjie in om dit sy vorm te laat hou.

8. **Gesiggie:**



Borduur met 4 draad wol

Ogies- satynsteek

Neusie - satynsteek

Glimlagmond- Stamsteek

Rooi tongetjie- Satynsteek

Ooghare - langsteek

9.**Das:** Sit 7 steke op en brei 20cm lang strook. Knoop met dubbel knoop om nek.

10 **Logo:** Rafel rante uit tot by swart strepie.
Werk met swart gare met ryg-stekies
vas op borsie.



11. Maak **boeksak** van Manilla karton. Voorbeelde voorsien.
Sny briefieblaai middeldeur.
Skryf jou naam op stippellyn.
Vou sig-zag. Plaas in boeksak .
Knip gaatjies en maak boeksak op rug vas.